# REGLEMENT VAN DIE MOERHANDELAARSFORUM

## 1. NAAM

Die forum staan bekend as die MOERHANDELAARSFORUM.

## 2. STATUS

2.1 Die Moerhandelaarsforum funksioneer as 'n onafhanklike liggaam dienooreenkomstig sy gedragskode.

2.2 Die reglement en wysigings tot hierdie reglement word deur die lede van die Moerhandelaarsforum goedgekeur.

## 3. DOELSTELLINGS

3.1 Om die individue, maatskappye en organisasies wat met moere handel dryf te organiseer ten einde 'n beter bemarkingsdiens, op grond van 'n gedragskode wat professionalitiet en 'n meer doeltreffende diens voorstaan, te lewer.

3.2 Om op 'n georganiseerde wyse sake van gemeenskaplike belang met die Suid-Afrikaanse aartappelmoerbedryf te kommunikeer.

3.3 Om die waardes "eerlikheid" en "vertroue" binne die lede van die forum te bevorder.

## 4. SAMESTELLING

4.1 Die ledegetal van die Moerhandelaarsforum word bepaal deur die aantal lede wat die gedragskode onderteken.

4.2 Die Forum word verteenwoordig deur 'n Dagbestuur wat uit vier verkose lede bestaan.

4.3 Om kontinuïteit te bevorder word die Dagbestuur vir 'n termyn van twee jaar aangestel.

4.4 Die Moerhandelaarsforum het die reg tot koöptasie.

4.5 Die Moerhandelaarsforum wys self sy Voorsitter aan en indien die aangewese voorsitter nie lid is van die Dagbestuur nie, word die voorsitter ampshalwe lid van die Dagbestuur.

4.6 Indien die Voorsitter van die Moerhandelaarsforum afwesig is, stel die teenwoordige lede 'n voorsitter uit hul geledere vir die duur van die vergadering aan.

4.7 Aartappels Suid-Afrika is tans gekontrakteer om die sekretariële pligte van die Moerhandelaarsforum te behartig.

## 5. LIDMAATSKAP

5.1 Definisie van 'n lid van die Moerhandelaarsforum: 'n Individu, maatskappy of organisasie wat handel dryf in gesertifiseerde moere of moere afkomstig van geregistreerde aanplantings, maar wat nie self moere produseer nie of wat namens iemand anders met moere handel dryf.

5.2 Lidmaatskap tot die Moerhandelaarsforum is vrywillig met die voorwaarde dat hulle die gedragskode onderteken.

5.3 Maatskappye, organisasies en eenman sakepraktyke kan ook lid van die Moerhandelaarsforum wees.

5.4 Waar die hoofuitvoerende beampte van 'n organisasie die gedragskode namens sy organisasie onderteken is die bepalinge van die gedragskode ook op alle personeel van die organisasie van toepassing.

5.5 Aartappelprodusente wat ook in aartappelmoere handel dryf kan nie 'n lid van die Moerhandelaarsforum wees nie.

5.6 In die geval waar aartappelmoerkwekers 'n organisasie, maatskappy of vereniging vestig en 'n persoon aanstel om namens hulle hul moerverkope te hanteer, is daardie persoon onder die definisie van 'n moerhandelaar ingesluit.

5.7 Lidmaatskapgelde beloop tans R500 per jaar wat jaarliks op die algemene jaarvergadering hersien kan word.

## 6. AKKREDITASIE

6.1 Die Moerhandelaarsforum is die plek waar moerhandelaars deur middel van die ondertekening van die gedragskode registreer.

6.2 Die Moerhandelaarsforum skakel by Aartappels Suid-Afrika in onder die staande komitees van Aartappels Suid-Afrika wat met aangeleenthede deel waarby die Moerhandelaarsforum belang het.

## 7. MAGTE

7.1 Die Moerhandelaarsforum beskik oor die nodige magte om:

7.1.1 Te bepaal wie lid van die Forum mag wees.

7.1.2 Lidmaatskap te kan beëindig van individue, maatskappye en organisasies wat met moere handel dryf indien hulle nie aan die voorskrifte van die gedragskode voldoen nie.

7.2 Die Moerhandelaarsforum sal 'n Tugkomitee aanwys om klagtes te ondersoek wat ontvang word insake oortreding van die spelreëls en optree ingevolge klousule 8 van die gedragskode.

## 8. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

8.1 Om toe te sien dat sy lede ingevolge die voorgeskrewe gedragskode optree.

8.2 Die belange van moerhandelaars bevorder, beskerm en dien.

8.3 Verseker dat die optrede van moerhandelaars die aartappelbedryf tot voordeel strek.

8.4 Om verteenwoordiging op relevante komitees en forums te verseker tot voordeel van die lede van die Moerhandelaarsforum.

## 9. FUNKSIONERING VAN DIE MOERHANDELAARSFORUM

9.1 Die Moerhandelaarsforum vergader tweemaal per jaar waarvan die vergaderingsdatums deur die Forum self bepaal word.

9.2 Spesiale vergaderings kan deur enige lid van die Moerhandelaarsforum versoek word.

9.3 Notules sal van vergaderings gehou word.
By vergaderings van die Forum sal 50% plus een 'n kworum vorm.